# Postmodernisme Verslaaf... Jesus Maak Vry

—deur Dr. Peter Hammond

Die terme 'Postmodernisme' en 'Opkomende Kerk' word deesdae baie algemeen in Christen-kringe genoem en baie gesprekke is al hieroor gevoer. 'Nuwe denke' oor God word bepleit en 'Kerk' word deur sommige anders as vroeër gedefinieer. Maar wat presies word met hierdie twee begrippe bedoel en wat behoort die Christen-beskouing hieroor te wees?

> *"My broers, julle moenie almal leermeesters wil wees nie, want julle moet weet dat ons wat leermeesters is, strenger as ander beoordeel sal word."* Jak 3:1

## POSTMODERNISME EN DIE OPKOMENDE KERK

Ons is nie opkomend nie omdat: ons aan die algehele sondigheid van die mens, die Soewereiniteit van God en die Heerskappy van Jesus Christus in alle areas van die lewe glo. Die Bybel alleen is ons primêre gesag. Redding vind nét deur die Genade van God en deur Geloof alleen plaas en Christus is die énigste Hoof van die Kerk. Alles moet tot Eer van God alleen gedoen word.

## FUNDAMENTELE WAARHEDE BLY VASSTAAN

Modes en giere kom en gaan, maar die Woord van God sal tot in alle ewigheid bly bestaan. Sommige dinge is eietyds en vir 'n seisoen gewild, maar daar is sekere standaarde wat die toets van die tyd deurstaan het en reeds vir geslagte en eeue bly bestaan. Klassieke musiek soos die van Bach en Händel, klassieke aanbidding soos bv. die Book of Common Prayer deur Thomas Cranmers, die Psalms van Dawid, die preke van Charles Spurgeon, die teologie van Johannes Calvyn en Martin Luther se groot Hervormingsgesang – 'n Vaste Burg is Onse God – is tydlose klassieke werke wat sal bly bestaan. Die Bybel waarsku ons: *"My broers, julle moenie almal leermeesters wil wees nie, want julle moet weet dat ons wat leermeesters is, strenger as ander beoordeel sal word."* Jak 3:1.



## ONDERRIG VAN TWYFEL EN VERWARRING

Dit is een ding vir 'n hoërskoolleerder om 'in 'n leerproses' te wees t.o.v. sy geloof, maar dit is iets totaal anders vir prominente leiers, pastore, predikante en skrywers om konferensies aan te bied, boeke te skryf en die wêreld met hul twyfel, nadenkinge en argwaan te besoedel.

## DIE MODE VERGAAN

In die 34 jaar sedert my bekering en roeping na die sendingveld, het ek al vele grille en giere gesien wat die kerk meegevoer het. Alle soorte spreuke het gekom en gegaan, bv. "Ek wens ons was almal gereed", "Dit kos net 'n vonkie" en "Laat ek jou van 'n droom vertel".

Talle boeke het ook al baie sensasie veroorsaak, maar die geldigheidsdatum daarvan het gekom en gegaan, insluitend die volgende: 'The Late Great Planet Earth', '88 Reasons Why Jesus is Coming Back in 1988', '89 Reasons Why Jesus is Coming Back in 1989', '1994?' 'The Coming Y2K Crash', '2000?' en nou onlangs ook weer 'The Shack' (met 'n nogal aanmatigende uitspraak dat dit 'n klassieke werk is soos bv. Pilgrim's Progress, die Engelse topverkoper vir meer as drie eeue!)

Selfs in die sendinggemeenskap is ons gereeld deur sensasionele strominge meegesleur wat dikwels baie minder gelewer het as wat aanvanklik belowe is. Ek het al die instelling van Kinderkerk, Tienerkerk en 'n verhoog wat die preekstoel vervang, gesien. Kleredrag Sondagoggende het verander van dames wat hoede, rokke en handskoene en mans wat pakke klere





en dasse dra tot gemeentes wat lyk asof hulle op die strand saamkom. Of, in sommige gevalle, pas van die strand terug is! Ongeskeerde mans met dae se baard, ongekamde hare, gekreukelde klere en selfs nog ongewas ook, is deesdae glad nie meer 'n onbekende gesig by sommige van die mega-kerke nie.

Ek het vir een ongeskeerde, slordige vent wat die diens wat ek gelei het, bygewoon het gesê: "Jy lyk asof jy in jou klere geslaap het?" "Ja," het hy geantwoord, "ons was laasnag op die strand en ek het daar aan die slaap geraak!" Toe die Apostel Paulus geskryf het: *"Ontsag vir God het hulle nie."* Rom 3:18, het hy na die heidene verwys. Deesdae verwys die vers ook na kerkgangers.

## IS DAAR IETS GOEDS AAN DIE OPKOMENDES?

Hulle wil relevant, kontekstueel, verwantskaps- en verhoudingsgebonde wees. Hulle verafsku vlak en vals kerke. (Ons ook!).

## WAT IS VERKEERD MET DIE OPKOMENDES?

Hulle is op soek na die waarheid terwyl hulle terselfdertyd verklaar dat hulle nie seker is dat dit bestaan nie. Die bestemming is vir hulle sekondêr terwyl die reis die belangrikste is.

Peter Rollins verklaar bv. dat: "instead of thinking in terms of destination (we become Christians, join a church, are saved), we should think in terms of journey (we are becoming Christians, becoming church, becoming saved) Hence, we need to be evangelised as much as, if not more, than those around us."

## SELFGESENTREERDHEID

Die Postmoderne manier is dié van ervaring, meer dwaling as rigting, meer dubbelsinnigheid as definisie, meer verhouding as geloof. Die postmoderne obsessie met introspeksie is al gekritiseer as 'selfliefde en selfverheerliking'. Die mantra van die postmodernis is 'selfuitdrukking' en 'trou aan die self'.

## BESLUITLOOSHEID

Donald Miller sê: "Wie weet in elk geval enigiets!" Rob Tell verkondig: "God is te groot om te begryp en die waarheid té 'n groot geheimenis om te verstaan!" "Die Bybel het 'n 'oop' einde!" "Vrae is die nuwe antwoorde!" "Moontlik is die nuwe ' ja'!"

## MOONTLIK

Brian McClaren skryf: "Ek huiwer om 'n antwoord op die homoseksuele vraag te gee, nie omdat ek 'n lafhartige draadsitter is wat die ore wil streel nie, maar juis omdat ek 'n pastoor is!"; "Ons is nie seker of, of wáár, die grense getrek moet word nie en ons weet ook nie hoe om met regverdigheid die grense wat reeds daargestel is, af te dwing nie!" Sulke pastorale hulp is eintlik geen hulp hoegenaamd nie.

Hierdie Opkomendes wil moontlik niemand seermaak nie, maar hul weiering om standpunt in te neem (en in baie gevalle neem hulle 'n on-Bybelse standpunt in), maak dikwels meer mense seer. Dit skaad diegene wat andersins die versoekings sou weerstaan en die strikke sou mistrap. Dit maak dié seer wat sukkel om seksuele versoekings te oorkom.

Immoraliteit en perversie skaad lewens, vernietig gesinne en stuur siele hel toe! God se Woord is baie duidelik oor hierdie kwessies. Waarom moet ons dan dubbelsinnig wees? Ons stilswye oor sleutelkwessies kan »

# Postmodernisme Verslaaf... Jesus Maak Vry

boekdele spreek. Ons is òf vir Christus, òf teen Hom. Om nié te besluit nie, is eintlik om teen iets te besluit. Ons kan nie neutraal in hierdie Wêreldoorlog van Wêreldbeskouings staan nie!

## TWYFEL

Die meeste Opkomendes het skynbaar twyfel as wese van geloof gevestig. "Twyfel... kan ook as 'n belangrike deel van geloof gevier word," sê Peter Rollins. Dave Tomlinson skryf in 'The Post Evangelical': "Doubt is a potential friend... a vital means by which Christians mature." "Doubt is the good friend of faith."

Die Bybel leer ons egter om die Skild van die Geloof (Ef 6:16) op te neem. Jesus het dié wat twyfel, bestraf en het dié met klein geloof getugtig. Matt 6:30 praat van: *"...julle kleingelowiges."* Matt 21:21 lees ook: *"As julle geloof het en nie twyfel nie, sal julle kan doen wat Ek aan die vyeboom gedoen het."* En in Joh 20:27 sê Jesus Self: *"Moenie langer kleingelowig wees nie!"* Jak 1:6 sê: *"So 'n mens wat altyd aan die twyfel is en onbestendig is in sy doen en late, moet nie dink dat hy iets van die Here sal ontvang nie."*

Volgens Heb 11:1: *"Om te glo, is om seker te wees van die dinge wat ons hoop, om oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie."* Die Heidelbergse Kategismus (Vraag 21) definieer geloof as "nie net blote kennis en oortuiging nie... dis 'n diepgesetelde versekering."

**As Bybelgelowige Christene weet ons die Bybel beskik oor al die antwoorde. Ons 'ja' behoort 'ja' te wees en ons 'nee', moet 'nee' wees! Ons moet standpunt inneem!**

## SKERP KONTRAS

In skerp kontras met die Opkomendes verklaar die Bybelvertolker, Dr. Martin Lloyd Jones, die volgende: "Kom terug na God se Woord. Hou op vrae vra. Begin met die beloftes in die regte volgorde. Sê: 'Ek wil die Waarheid weet, maak nie saak wat dit my kos nie!' Verbind jouself daartoe, onderwerp jouself daaraan, word soos 'n klein kindjie en pleit by Hom om jou 'n duidelike teken te gee, perfekte visie en om jou weer heel te maak... ons is nie bedoel om in 'n staat van twyfel en argwaan te leef – onseker en ongelukkig – nie." (Geestelike Depressie).

## SEKERHEID

Opkomendes bied ons:

- Vrae as die nuwe antwoorde
- 'Moontlik' as die nuwe 'ja'
- Twyfel as die nuwe geloof
- Besluiteloosheid as die nuwe plan
- 'n Reis as die nuwe eindbestemming

As Bybelgelowige Christene weet ons egter die Bybel beskik oor ál die antwoorde. Ons 'ja' behoort 'ja' te wees en ons 'nee', moet 'nee' wees! Ons verwerp die pad gelaai met twyfel en ongeloof en omhels en veg vir die Geloof waaroor die heiliges beskik het. Ons het mos besluit om Jesus te volg! Daar is geen omdraai nie!

Jesus is die Weg en die Waarheid en die Lewe. Niemand kom tot die Vader behalwe deur Hom nie! Ons moet die Evangelie nie net in woorde verkondig nie, maar óók met krag, met die Heilige Gees en met diepe oortuiging. (1 Tes 1:5). ■

**DR. PETER HAMMOND,** *sendeling, outeur en konferensiespreker. www.frontline.org.za of 021 689 4480.*